# Die Heilige Gees en die prediking *

L. FLOOR

## INLEIDING

Wanneer ons gaan soek na die verband wat daar is tussen die Heilige Gees en die prediking, dan moet ons ons vertrekpunt neem by die groot gebeurtenis van die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster. Ons sien in die boek Handelinge hoedat die bruisende stroom van die Heilige Gees uitmond in die bedding van die prediking.

Pinkster is die verwerkliking van die koninkryk van God op aarde. Die heerskappy, die koningskap van Christus word sedert Pinkster gerealiseer deur die Heilige Gees. Deur die werking van die Heilige Gees word mense gebring onder die heilsame heerskappy van Christus.

Op die vraag hoe die Heilige Gees die koninkryk van God op aarde vestig, kan daar net geantwoord word: Deur die Woord. "Het Koninkrijk van God gaat zijn weg door de wereld op het voertuig van het Woord" (Ridderbos, 1968 : 156). Wanneer hier gespreek word van die Woord van God, dan moet allereers gewys word op Jesus Christus. Hy is die Woord van God wat vlees, wat mens geword het (Joh 1 : 1, 14). In die tweede plek is daar ook die Woord van God as geskrewe Woord. Die Bybel as die geskrewe Woord van God, is tegelyk ook die geskrewe Woord van die Heilige Gees (2 Tim 3 : 15, 16; 2 Pet 1 : 20, 21). In die derde plek is daar die evangelie as die Koningswoord wat uitgaan na alle volke om die koningskap van Christus in die wêreld te proklameer. Jesus het sy apostels uitgestuur om as koningsheroute te proklameer dat Hy Koning is van die wêreld en gesag daaroor het, Jesus stuur sy apostels uit om die evangelie van sy sterwe en opstanding te verkondig. Hulle is gevolmagtigdes van Christus en hulle woord sal wees Gods Woord (Coetzee, 1973 : 81).

In die uitoefening van sy koninklike heerskappy gebruik Christus dus mense wat met die Woord van God moet uitgaan om Christus se heerskappy te verkondig. Die predikers mag as gestuurdes nie met hul eie woorde uitgaan nie en hulle mag ook nie uitgaan in eie krag en wysheid nie. Hulle moet getuig in die krag van die Heilige Gees (Luk 24 : 49).

Die vraag is: hoe doen die Heilige Gees hierdie kragvolle werk van die verkondiging? Word die dunamis van die Gees aan die prediking verbind of word hierdie krag aan die prediker verleen? Of gaan die krag van die Gees sowel saam met die prediker as met die prediking? Is hierdie krag permanent aanwesig daar waar ge-

---

* Lesing gelewer voor die Geref. Teologiese Vereniging te Johannesburg, 18 Aug. 1986.

preek word en is hierdie krag ook waarneembaar en meetbaar? Kan ons, mag ons en moet ons hierdie krag ervaar wanneer ons besig is met die Woordverkondiging? Ten einde hierdie vrae te kan beantwoord wil ek graag eers 'n dogmatiese verkenning maak, daarna 'n paar eksegetiese oorwegings aanbied om tenslotte te kom tot enkele praktiese toepassings.

## DOGMATIESE VERKENNING

Alvorens ons die Nuwe Testament oopmaak om te kyk hoe die Heilige Gees in die prediking en deur die prediker werk, is 'n duik in die dogmatiek noodsaaklik om te sien hoe in die geskiedenis van die kerk met die probleem van die verhouding tussen die Heilige Gees en die prediking geworstel is. Om 'n regte siening te kry op die relasie tussen die Heilige Gees en die prediking is dit noodsaaklik om eers te kyk na die breër agtergrond van die verhouding van Woord en Gees. Daar is die eeue deur in die teologie baie geworstel met hierdie probleem. Daar was altyd 'n groot verskil van opinie oor die efficacia, die krag van die Woord van God.

Daar loop duidelik twee lyne deur die geskiedenis. Aan die een kant is daar die nomisme wat vanaf die Judaïsme via die Pelagianisme deurloop tot die rasionalisme. Op hierdie nomistiese lyn val die klem baie sterk op die verstandelike, sedelike of selfs estetiese werking van die Woord waarby 'n besondere, bonatuurlike krag van die Heilige Gees eintlik as oorbodig beskou word (Warfield. 1897 : 7 e.v.) Ook die Rooms-Katolike teologie beweeg op hierdie spoor deur die geloof slegs te beskou as 'n historiese toestemming, 'n verstandelike aanvaarding, terwyl die Heilige Gees eers meegedeel word deur die sakrament (Bavinck, 1929 : 508). Teenoor die nomisme kry ons in die teologie die antinomistiese standpunt met betrekking tot die verhouding van Woord en Gees. Op hierdie lyn beweeg byvoorbeeld die Anabaptiste wat alles verwag van die werking van die Heilige Gees en wat die Woord slegs as iets uitwendigs beskou (Bavinck, 1930 : 436).

Die Reformasie het sowel teenoor die nomisme as die antinomisme standpunt ingeneem en met nadruk gestel dat die Woord alleen ongenoegsaam is. Die Heilige Gees kan wel sonder die Woord werk, maar die algemene reël is dat die Gees saamwerk met die Woord (Krusche, 1957 : 231). Sowel die Lutherse teoloë as die Gereformeerdes het sterk klem gelê op die eenheid van Woord en Gees. Tog is daar 'n verskil van siening oor die karakter van daardie eenheid. In die Lutherse teologie is die verhouding van Woord en Gees geformuleer met die uitdrukking dat die Gees *per verbum*, deur die Woord as 'n instrument werk, terwyl in die Gereformeerde teologie die verhouding gewoonlik met die uitdrukking *cum verbo* geformuleer is. Die Gees gaan saam met die Woord (Bavinck, 1930 : 437). In die Lutherse ortodoksie vind ons baie sterk 'n Gees-immanente Woordbeskouing (Krusche, 1957 : 227).

Calvyn stel wel met groot nadruk dat die Gees met 'n onverbreeklike band aan die Woord verbind is (Serm. Act 2, 1 - 4: "le S. Esprit est conioint comme d'un lieu inseparable avec la parole qui se preche"), maar tegelyk wys hy op 'n bykomende werking van die

Heilige Gees in die harte van hulle wat tot bekering en geloof kom. In sy kommentaar op Matt sê hy van die Woord: "est ergo semper evangelium potentia fructuosum semen, sed non actu" (Komm. Matt 13 : 19). 'n Calvynkenner het hieruit afgelei dat Calvyn daarop wys dat die Heilige Gees die Woord begelei (vgl. Goumaz, 1917 : 321: "L'Esprit qui accompagne la parole"). Ons vertolk Calvyn verkeerd wanneer ons oordeel dat volgens Calvyn die Woord slegs uiterlik en die Gees slegs innerlik sou werk. Daar is geen dualisme in Calvyn se siening oor die verhouding van Woord en Gees nie. S. Greijdanus het hom ook indringend besig gehou met die problematiek van die verhouding van Woord en Gees. Hy stel dat daar deur en by die prediking 'n werking van die Heilige Gees moet kom om by die mens die hart oop te maak (vgl. Faber, 1948 : 154). Hierdie "bijkomende werking" verander nie die evangelie nie, maak dit nie vol of kragtig nie, maar dit bewerk dat die prediking ingang vind in die hart tot 'n heilsame uitwerking (vgl. Faber, 1948 : 183, 184).

Die Bybel en ook die ervaring leer ons dat die Woord van God nie altyd dieselfde uitwerking het nie. God se Woord is vir die een tot 'n val en vir die ander tot 'n opstanding (Luk 2 : 34), vir die een 'n lewensgeur en vir die ander 'n doodsreuk (2 Kor 2 : 14 - 16).

## EKSEGETIESE OORWEGINGS

Wanneer ons die Nuwe Testament oopmaak, dan is dit belangrik om in die eerste plek te let op die prediker en sy posisie alvorens ons gaan kyk na wat oor die prediking gesê word. Uit die *locus standi* van die prediker kan ons naamlik al iets aflei met betrekking tot die verhouding van die Heilige Gees tot die prediking.

Die verkondigers van die Woord van God staan in die Nuwe Testament in 'n tweevoudige posisie. Dit word vir ons duidelik wanneer ons na hulle kyk vanuit die versoening wat Christus bewerk het. Enersyds is die verkondigers van die evangelie self voorwerp van God se versoening in Christus Jesus. Wat dit betref staan hulle aan die ontvangkant. Maar aan die ander kant is hulle wat met God versoen is ook bedienaars van die versoening. In daardie funksie staan hulle aan die geekant. Ons vind hierdie tweevoudige posisie van die predikers baie duidelik in die Skrif.

In 2 Kor 5 : 18, 19 skrywe Paulus:

"Dit alles is die werk van God.

Hy het ons deur Christus met Homself versoen
en aan ons die bediening van die versoening toevertrou.

Die boodskap van die versoening bestaan daarin
dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het
en die mense hulle oortredinge nie toereken nie.

Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou."

Die apostel gebruik in hierdie verse 'n parallelisme om met groot klem sy boodskap oor te dra. God bring in Christus die versoening tot stand. Deel van sy versoenende daad is om diensknegte vir die bediening daarvan aan te stel. Die diensknegte wat die versoening moet verkondig, is hulle wat self ook in die versoening mag deel.

| VERS 18 | BESKRYWING | VERS 19 |
|---|---|---|
| τα δε παντα ἐκ του θεου | God neem die inisiatief | ὡς ὁτι θεος |
| του Καταλλαξανιος ἡμας ἑαυτῳ δια Χριστου | Hy versoen deur Christus | ἠν ἐν Χριστῳ κοσμον καταλλασσων ἑαυτῳ, μη λογιῳμενος αὐτοις τα παραπτωματα αὐτων |
| και δοντος ἡμιν την διακονιαν της καταλλαγης, | Hy gee die apostels die bediening van die versoening. | και θεμενος ἐν ἡμιν τον λογον της καταλλαγης. |

Paulus is in hierdie perikoop besig om sy gesaghebbende optrede aan die gemeente te verduidelik. Teenoor enige sogenaamde self-aanbeveling waarvan hy beskuldig word, plaas die apostel God wat die groot Inisiatiefnemer is. Hy is die bron van alle genade wat eerstens die versoening bewerk, maar tweedens ook vir die bediening daarvan sorg.

God het die inisiatief geneem nie net in die versoening self nie, maar ook vir die bediening daarvan sorg gedra. Die diens bestaan uit die prediking van die versoening, 'n gedagte wat deur die gebruik van die parallelisme in verse 18 en 19 besonder beklemtoon word (De Klerk, 1983 : 291). Hulle wat objekte is van God se versoening, word subjekte van die verkondiging van die versoening. "Dat is het geheimzinnige van al Gods doen, Hij maakt elk voorwerp van den beginne af tot mee-onderwerp . . . het ligt opgesloten in het wondere doen van God, dat Hij elk object tot subject maakt" (Ba vinck, 1954 : 53).

Die prediker is dus self ten nouste betrokke by dit wat hy moet verkondig. Hy kan nie koud klinies die verkondigingswerk verrig nie. Daardie persoonlike betrokkenheid by die inhoud van die verkondiging moet altyd 'n baie belangrike voorveronderstelling by alle prediking bly.

'n Tweede saak met betrekking tot die verkondiger in die Nuwe Testament is die beklemtoning van sy totale magteloosheid wanneer dit by die resultaat van sy arbeid kom. Paulus was enersyds diep oortuig dat hy van God geroep was om die heerlike werk van die versoening te verrig. Maar aan die ander kant vind ons by hom 'n absolute voorbehoud as dit kom by die resultaat van sy arbeid. Hierdie voorbehoud bring hy tot uitdrukking in die sg. deur-motief. Op verskillende plekke (1 Kor 16 : 9; 2 Kor 2 : 12; Kol 4 : 3) skrywe hy oor 'n deur wat vir die verkondiging van die evangelie oopge-

maak moet word. Hierdie deur word in Hand 14 : 27 die deur van die geloof genoem. Die genitief is hier 'n deskriptiewe genitief. Geloof gee toegang tot die ewige lewe. Paulus besef dat hy self nie by magte is om daardie deur oop te maak nie. Slegs God kan dit doen. Dit is God wat "die Möglichkeit schenkt, gläubig zu werden" (Jeremias, 1950 : 174). God maak hierdie deur oop deur die krag van die Heilige Gees. Hierdie wete gee Paulus 'n diep besef van afhanklikheid in sy verkondigingswerk en dit spoor hom aan tot voortdurende gebed. Hy is afhanklik van die Heilige Gees.

Wanneer ons vervolgens oorgaan van die prediker na sy prediking, dan word ons getref deur 'n noue band tussen die Heilige Gees en die prediking. Die Woord wat verkondig word, is die Woord van die Gees. In die brief aan die Hebreërs (3 : 7; 9 : 8; 10 : 15) word die Heilige Gees geteken as die een wat die Woord van God spreek. "De Heilige Geest neemt dat woord als het ware opnieuw in de mond. En aldus spreekt Hij, Hijzélf, ook de kerk van vandaag werkelijk en krachtig toe. Hij spreekt, betuigt en getuigt alzoo alle eeuwen door tot op den jongsten dag" (Veenhof, 1946 : 42). Wanneer gepreek word, dan is dit die Heilige Gees wat spreek. Wie na die prediking luister, luister na die Heilige Gees.

Vervolgens word in die Nuwe Testament prediking as die spreke van die Heilige Gees omskryf as 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo (Rom 1 : 16). Die verkondiging van die evangelie is dus in staat om lewensverandering by mense te bewerk en die geloof is die enigste kanaal waardeur die krag van God werk (De Klerk, 1986 : 29). Die evangelie is "God's power producing salvation in us" (Lloyd-Jones, 1985 : 282). Die krag, die dunamis waarop Paulus hier wys, is die krag van die Heilige Gees. In die Nuwe Testament vind ons 'n allernouste verbinding tussen Gees (Gr. : pneuma) en krag (Gr. : dunamis). In verskillende gedeeltes van die Nuwe Testament word dunamis en pneuma selfs as sinonieme beskou (Mark 5 : 30; Luk 1 : 17, 35; 4 : 14; 5 : 17; 6 : 19). Uit die Nuwe Testament is dit duidelik dat Christus en sy Gees die reddende geloof nie anders as deur die krag van die verkondigde Woord bewerk nie (vgl. Rom 15 : 19; 2 Kor 6 : 7). Wanneer ons gaan soek na die verhouding wat daar is tussen die Heilige Gees en die prediking, dan kan daar vier verhoudingsmomente genoem word:

1. die Heilige Gees openbaar die inhoud van die prediking
2. die Heilige Gees onderrig die predikers
3. die Heilige Gees is kragtig in die prediking teenwoordig
4. die Heilige Gees getuig saam met die prediking (De Klerk, 1983 : 419; 1983 : 31).

In die eerste plek is dit die Heilige Gees wat die inhoud van die prediking openbaar. Die evangelie wat verkondig word, is nie van menslike oorsprong nie, dit is nie 'n produk van menslike ontwikkeling nie, maar dit is deur die Heilige Gees geopenbaar. In hierdie verband noem Paulus die Heilige Gees "die Gees van wysheid en van openbaring" (Ef 1 : 17). Die inhoud van die openbaring is Jesus Christus, die opgestane Seun van God. Die Heilige Gees skenk

aan die gemeente die openbaring van God soos dit in die Skrifte tot uiting kom. Die heilswerk wat God deur Jesus Christus bewerk het, word deur die Heilige Gees geopenbaar en wel met woorde wat die Heilige Gees leer (1 Kor 2 : 13).
In die tweede plek gee die Heilige Gees ook 'n dieper insig in die kennis van God. Hy is by uitstek die een wat die predikers wil begelei by hul preekmaak, want deur sy werk word die verkondigers gebring tot groter geestelike insig in die omvang van God se heilswerk (Ef 1 : 17 - 20; 3 : 18). Ten opsigte van die prediking moet ons hier dus twee gesigspunte onderskei: Hy is die Gees van openbaring, Hy lei ons tot die aanvaarding van die heilswerk van Christus. Maar Hy is ook die Gees van wysheid. Hy lei tot 'n dieper insig in die Godsopenbaring.
In die derde plek wil die Gees ook kragtig in die verkondiging teenwoordig wees. Paulus verbind die krag van die Gees aan die prediking. Wat absoluut op die voorgrond staan, is dat hierdie krag 'n ervaarde werklikheid is. Paulus was bewus dat hierdie krag in hom

| Description | vs | Greek Text (1 Cor 2 : 1–5) |
|---|---|---|
| PAUL'S SOLEMN DECISION ABOUT PREACHING — The content of his preaching | 1a | Κἀγὼ ἐλθὼν πρὸς ὑμᾶς, ἀδελφοι |
| neg. | 1b | ἦλθον οὐ καθ' ὑπεροχὴν λόγου ἢ σοφίας |
| pos. | 1c | καταγγέλλων ὑμῖν τὸ μυστήριον τοῦ θεοῦ. |
| neg. | 2a | οὐ γὰρ ἔκρινά τι εἰδέναι ἐν ὑμῖν |
| pos. | 2b | εἰ μὴ 'Ιησοῦν Χριστὸν καὶ τοῦτον ἐσταυρωμένον |
| The delivery of his preaching | 3 | κἀγὼ ἐν ἀσθενείᾳ καὶ ἐν φόβῳ καὶ ἐν τρόμῳ πολλῷ ἐγε'νόμην πρὸς ὑμᾶς, |
| neg. | 4a | καὶ ὁ λόγος μου καὶ τὸ κήρυγμά μου οὐκ ἐν πειθοῖς σοφίας (λόγοις) |
| pos. | 4b | ἀλλ' ἐν ἀποδείξει πνεύματος καὶ δυνάμεως |
| neg. | 5a | ἵνα ἡ πίστις ὑμῶν μὴ ᾖ ἐν σοφίᾳ ἀνθρώπων |
| pos. | 5b | ἀλλ' ἐν δυνάμει θεοῦ |

gewerk het. Die krag van die Heilige Gees is in die prediker teenwoordig, maar tegelyk ook in die prediking werksaam. Enersyds verbind die apostel die krag van die Heilige Gees aan sy persoon, maar andersyds ook aan sy prediking.
Op verskillende plekke getuig Paulus van hierdie krag.
In 1 Kor 2 : 1 - 5 gaan die apostel breedvoerig in op die werk van die Heilige Gees met betrekking tot die prediking.
Hierdie perikoop bestaan uit twee dele soos blyk uit die gedagtestruktuurontleding:
In die eerste deel van hierdie perikoop (v. 1a - 2b) handel Paulus oor *die inhoud* van sy prediking. Hy gebruik dan die patroon van 'n omgekeerde parallelisme.
In die tweede deel (v. 4a - 5b) behandel hy weer met die struktuurpatroon van 'n antitetiese parallelisme die *aanbieding* van sy prediking.
Met die formulering: ek het my voorgeneem (Gr: ekrina) "sê hy dat hy as't ware sy prediking met betrekking tot inhoud en vorm deeglik geëvalueer het" (De Klerk, 1983 : 193). Dit is eienaardig dat Paulus in v. 4 'n onderskeid maak tussen sy rede (Gr. : logos) en sy prediking (Gr. : kerugma). Waarskynlik bedoel hy dan met rede (logos) die inhoud van sy verkondiging en met prediking (kerugma) die openlike verkondiging (Grosheide, 1932 : 90). Morris, (1975 : 52) verklaar beide woorde as "the matter" en "the manner of the preaching".
Vir Paulus is sowel die inhoud van die prediking belangrik as die aanbieding, die openlike verkondiging.
Die apostel het hierdie perikoop in 'n hegte struktuurpatroon saamgestel waarin eers die inhoud van sy prediking ter sprake kom en dan staan *Christus*, die Gekruisigde, sentraal. Wanneer in die tweede deel die aanbieding van die prediking aan die orde kom, dan val die volle nadruk op *die Heilige Gees.*
Paulus is oortuig dat wanneer hy preek die Heilige Gees aan die werk is. Die Heilige Gees lewer deur middel van sy krag die bewys dat God deur Paulus se prediking werk. Die uitdrukking "in die betoning van Gees en van krag" kan ook verklaar word as "deur die kragvolle werking van die Heilige Gees". Daar is in Paulus se prediking 'n kragtige demonstrasie van die aanwesigheid en die werking van die Heilige Gees (Hodge, 1959 : 32). Want die resultaat van die kragtige werking van die Heilige Gees in Paulus se prediking is dat dit mense tot geloof, bekering en 'n nuwe lewe bring. "Paul firmly believed only in this powerful demonstration of the Spirit in preaching. That is the only thing which makes preaching 'the word of God' (1 Tess 2 : 13). So Paul repeats the word 'power' (v. 4b and 5b). This utter dependence on the power of the Spirit of God can only be learned when one starts to learn not to rely upon oneself" (Jung, 1986 : 213).
In 1 Tess 1 : 5 borduur die apostel op hierdie tema voort. Hy verklaar daar dat sy eie prediking aan die Tessalonisense 'n verkondiging was met krag en deur die Heilige Gees en met groot oortuiging.
Gees en krag is hier ook soos in 1 Kor 2 : 4 gekoppel. Die datief is

duidelik instrumenteel en leer dat die verkondiging van die Evangelie aan "die operasie, die kraguitoefening van die Heilige Gees toe te skryf is" (De Klerk, 1983 : 348). In hierdie teks lyk dit of die dunamis van die Gees sowel aan die prediking verbind is (prediking met of in krag), asook aan die persoon van die prediker, want die apostel het in volle versekerdheid, in volle oortuiging (Gr. : plerophoria) gespreek. Hierdie oortuiging is 'n onmiddellike uitwerking van die Gees se teenwoordigheid in die hart van die prediker. Hy het die versekerdheid in sy hart dat terwyl hy preek, die krag van God aan die werk is. Hierdie volle versekerdheid, die volle oortuiging is "an immediate effect of the Spirit's presence in the hearts of the ambassadors" (Hendriksen, 1955 : 51).

Nog uitvoeriger wys die apostel op die krag van God in die prediking in Kol 1 : 29 wanneer hy skrywe: "Daarvoor span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in my werk." Die apostel span hom in en hy beywer hom met krag. Hier die krag is van God afkomstig. Paulus gebruik hier vir krag die woord *energeia.* Hierdie woord word in die Nuwe Testament byna altyd vir goddelike en demoniese werkinge gebruik (Bertram, 1935 : 649). Deur die krag wat die apostel ontvang, kan hy met dunamis, met mag werk, want dit is 'n werking vol dinamiek en kragtige aandrywing.

Die krag wat Paulus ontvang by sy verkondiging, maak hom nie lui nie. Inteendeel, hy span hom in en hy beywer hom. Hy gebruik twee Griekse werkwoorde waarvan die eerste een beteken dat hy harde arbeid verrig. Die werkwoord wys op die arbeid van 'n tuinier wat graafwerk verrig (De Klerk, 1983 : 344). Bruce noem die werkwoord "a strong word, implying toil to the point of weariness or exhaustion" (1957 : 221). Die tweede werkwoord wat Paulus gebruik is ontleen aan die atletiek. Dit dui op 'n wedstryd, 'n worstelstryd.

Dit is belangrik om daarop te let dat die werk van die Heilige Gees in prediker en prediking, die werk van die prediker nie oorbodig maak nie. Ons hoor hier hoedat Paulus volgens sy eie getuienis hom inspan en beywer in die werk van die verkondiging. Hy verklaar egter dat hy dit nie in eie krag doen nie, maar met die krag wat Christus gee en wat kragtig in hom werk. "Ook hier is duidelik dat perspirasie (sweet en harde werk) en inspirasie (leiding en motivering deur God) hand aan hand gaan (Van Rensburg, 1984 : 11).

In die vierde plek sien ons ook dat die Heilige Gees saam met die prediking getuig. Deur die kragtige getuienis van die Heilige Gees in die prediking het die verkondiging 'n groot uitwerking. Ek gaan hier verby aan die pragtige materiaal wat B. J. de Klerk in hierdie verband versamel het (1983 : 336 - 401), maar ek wil slegs enkele sake uitlig.

Daar is volgens die Nuwe Testament 'n tweevoudige uitwerking wat die prediking uitoefen. Die kragtige Woord wat die predikers verkondig, het 'n uitwerking op die gelowiges. Hulle ontvang die Woord deur die werking van die Gees met blydskap en verwelkom dit in hulle binneste (1 Tess 1 : 6). Die Gees bewerk deur die prediking dat die gelowiges steeds meer die omvang van Gods heils-

werk vir hulle gaan verstaan. Hy is ook die Bewerker van die innerlike versterking en Hy bewerk die geestelike vrug. Hy bring deur die verkondiging 'n radikaal nuwe lewenswandel tot stand in die gelowiges.

Maar die Gees openbaar die krag van God nie alleen tot behoud nie, maar ook tot verderf. Die uitwerking op ongelowige en ongehoorsame hoorders is dat hulle hulle steeds meer verhard. Dit het die uitwerking dat hulle self die kanaal sluit om die geregtigheid van God te ontvang en daarom kan hulle die ryk beloftes van God nie beërwe nie (De Klerk, 1986 : 31).

## PRAKTIESE TOEPASSING

Wanneer ons tenslotte uit ons eksegetiese oorwegings 'n paar lyne na die praktyk wil trek, dan is die eerste saak wat sterk na vore kom die feit dat elke prediker absoluut en volledig van die Heilige Gees afhanklik is. Sonder die Heilige Gees kan ons niks doen nie. Al het ons die beste kommentare, ook al is ons toegerus met 'n helder verstand, ook al het ons die vermoë om goed te kan studeer, sonder die Heilige Gees beteken ons arbeid rondom die verkondiging niks nie.

Die besef dat ons by ons preekvoorbereiding volledig van die Heilige Gees afhanklik is, beteken nie dat ons nie meer hoef te studeer nie. Inteendeel! Maar ons moet dit nie van ons kommentare, ons homiletiese werke, ons studie en inspanning verwag nie. Ons moet leer om al ons hoop en verwagting op die Heilige Gees te stel. Nou het ons die belofte van die hulp en bystand van die Heilige Gees. Daarop moet ons vertrou en met daardie beloftewoord van die Gees wat by ons en in ons wil woon en werk (Joh 14 : 17).

In die tweede plek moet ons leer om te glo in die volledige soewereiniteit van die Heilige Gees. Ons kan nie oor die Gees van God beskik nie. Luther het in sy prediking en teologie altyd besonder sterk "die freie Herrschaft des Geistes" of "die freie Souveränität des Geistes" beklemtoon. God kan alleen deur sy Gees deur middel van die prediking die deur oopmaak, die mense bring tot geloof en gehoorsaamheid. Daarom is daar 'n diep afhanklikheid teenoor die Heilige Gees in ons harte en lewens nodig.

In die derde plek moet elke prediker onthou dat die Gees van Jesus Christus die Heilige Gees is. Wanneer daar 'n slordige lewenswandel by ons is, wanneer ons bepaalde sondes koester, wanneer ons hoogmoedig en eergierig is, dan kan die Heilige Gees ons nie gebruik nie. In hierdie verband het J. J. van der Walt die vraag gevra: "Worstel ons predikers nie te veel met die Bybelteks en met die mense en gans te min met God nie (1938 : 16). Ons bestee (tereg) baie tyd aan preekvoorbereiding, maar gee ons wel voldoende aandag aan die voorbereiding van die prediker?

In die vierde plek is die gebed om die insig van die Gees in die Woord en om die krag van die Gees by die prediking onontbeerlik. Wanneer die apostel Paulus in Ef 6 : 18 - 20 op die belangrike saak van die gebed wys dan beklemtoon hy twee sake. Dit kom sterk aan die lig wanneer ons let op die strukturele opbou van hierdie perikoop:

| Description | | vs | Greek Text (Eph 6 : 18–20) |
| --- | --- | --- | --- |
| Paul's general instruction on and request of prayer | 1) instruction | 18a | διὰ πάσης προσευχῆς καὶ δεήσεως |
| | | b | προσευχόμενοι ἐν παντὶ καιρῷ ἐν πνεύματι. |
| | | c | καὶ εἰς αὐτὸ ἀγρυπνοῦντες ἐν πάσῃ προσκαρτερήσει |
| | 2) request | d | καὶ δεήσει περὶ πάντων τῶν ἁγίων |
| Paul's particular request of prayer | | 19a | καί (δεήσει) ὑπὲρ ἐμοῦ |
| | 1) Praying for the message | b | ἵνα μοι δοθῇ λόγος |
| | | c | ἐν ἀνοίξει τοῦ στόματός μου, |
| | | d | ἐν παρρησίᾳ γνωρίσαι τὸ μυστήριον τοῦ εὐαγγελίου, |
| | | 20a | ὑπὲρ οὗ προσβεύω ἐν ἁλύσει, |
| | 2) praying for delivery | b | ἵνα ἐν αὐτῷ παρρησιάσμαι |
| | | c | ὡς δεῖ με λαλῆσαι |

Hierdie gedeelte kan in twee dele verdeel word:

1. Algemene gebedsaanwysings
1.1. 'n algemene voorskrif vir gebed (v. 18a - 18c)
1.2. 'n algemene versoek om voorbereiding (v. 18d)

2. Besondere gebedsaanwysings
2.1. Paulus se versoek om voorbidding met die oog op die boodskap (v. 19).
2.2. Paulus se versoek om voorbidding met die oog op verkondiging van die boodskap (v. 20).

Paulus vra wanneer dit by sy prediking kom om 'n tweevoudige voorbede. Ten eerste vra hy die voorbede sodat aan hom 'n woord gegee mag word. Dit is voorbede in verband met die preek, die inhoud van die verkondiging, die boodskap wat oorgedra moet word.

Maar dan vra hy vervolgens ook die voorbede van die gemeente in verband met die bring van die boodskap, die verkondiging van die preek.

Paulus is diep oortuig dat altwee noodsaaklik is: gebed met betrekking tot die voorbereiding van die preek, maar ook gebed met die oog op die oordrag van die preek aan die hoorders (vgl. Jung, 1986 : 193).

"Niemand kan bloot deur wetenskaplike werk (eksegese, homiletiek) sonder vervulling met die Gees Christus tot saligheid aan mense effektief verkondig nie; ewemin sonder grondige studie, want die Gees werk deur ons met die Woord" (Van der Walt, 1983 : 14).

LITERATUUR

Bavinck, H. 1929. Gereformeerde Dogmatiek, Dl III. Kampen.
Bavinck, H. 1930. Gereformeerde Dogmatiek, Dl IV. Kampen.
Bavinck, J. H. 1954. Inleiding in de zendingswetenschap. Kampen.
Bertram, G. 1935. Energeia. (In Kittel, G. Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament II. Stuttgart).
Bruce, F. F. 1957. Commentary on the Epistles to the Ephesians and the Colossians. London.
Coetzee, J. C. 1973. Besondere Kanoniek van die Nuwe Testament — die briewe van Paulus. Potchefstroom.
De Klerk, B. J. 1983. Die gesag van die prediking van die Nuwe Testamentiese briewe. Potchefstroom.
De Klerk, B. J. Maart 1986. Die gesag van die prediking van die NT briewe. **In die Skriflig**, 20 (77).
Faber, J. 1948. Prof. Dr. S. Greijdanus als dogmaticus. (In Almanak Fides Quaerit Intellectum. Kampen).
Grosheide, F. W. 1932. De eerste brief van den apostel Paulus aan de kerk te Korinthe. Amsterdam.
Goumaz, L. 1917. La doctrine du salut d'après les commentaires de Jean Calvin sur le Nouveau Testament. Lausanne.
Hendriksen, W. 1955. I & II Thessalonians. Edinburgh.
Hodge, Ch. 1959. The First Epistle to the Corinthians. London.
Jeremias, J. 1950. Thura. (In Kittel, G. Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament — III. Stuttgart).
Jung, K. D. 1986. An evaluation of the principles and methods of the preaching of D. M. Lloyd-Jones. Potchefstroom.
Lloyd-Jones. D. M. 1985.. The Gospel of God: Romans. Edinburgh.
Krusche, W. 1957. Das Wirken des Heiligen Geistes nach Calvin. Göttingen.
Morris, L. 1975. The First Epistle of Paul to the Corinthians.
Prenter, R. 1954. Spiritus Creator. Studien zu Luthers Theologie. München.
Ridderbos, H. N. 1968. Het Woord, het Rijk en onze verlegenheid. Kampen.
Van der Walt, J. J. 1983. Homiletiek I en II (ongepubliseerde klasdiktaat). Potchefstroom.
Van Rensburg, J. J. J. 1984. Soeklig fokus op Kolossense. Christus is in jou! Noordbrug.
Veenhof, C. 1946. Het Woord Gods in den brief aan de Hebreeën. Terneuzen.
Warfield, B. 1897. Two studies in the history of doctrine. New-York.